

Volhoubare bediening: Die toekoms van familie- gemeentes

**Werksdokument vir werkwinkels in
kleiner gemeentes**

Danie Dreyer

Voorwoord

Louis Louw

VOORWOORD

Linkerbreinmense hou in die algemeen nie baie van verandering nie. Vir hulle is orde, reëls en roetine belangrik. Hulle neem graag tyd om diep oor dinge na te dink en met behoorlike oplossings vorendag te kom. Daarby beplan en organiseer hulle graag, want hulle hou van strukture wat werk. Hulle is staatsmakers wat hulle taak stiptelik en deeglik uitvoer.

Regterbreinmense is anders. Hulle hou van verandering. Daarom gee hulle graag hulle verbeelding en fantasie vrye teuels. Hulle speel met nuwe drome en visualiseer nuwe moontlikhede waaraan niemand tot dusver gedink het nie. Hulle is wars van roetine en allerlei inperkende reëls. Baie eerder sal hulle dit wil waag om nuwe weë te beproef en die wêreld en ook die kerk te verander.

Gelukkig is dit God wat sowel linkerbreinmense as regterbreinmense gemaak het. Hy het albei soorte nodig in Sy Koninkryk. Trouens, niemand van ons is ook uitsluitlik linkerbreine of regterbreine nie! Ons het hoogstens 'n bepaalde natuurlike voorkeur wat ons gedrag op 'n bepaalde manier bepaal.

Nou lewe ons wel in 'n samelewing wat steeds verander. Hierdie uitstaande werksdokument van Danie Dreyer gee vir kleiner, plattelandse gemeentes 'n perspektief op die ingrypende veranderinge wat hulle toekoms direk raak en nooi hulle uit om saam te soek na oplossings. Vanweë allerlei demografiese verskuiwinge kan hulle doodeenvoudig nie meer aangaan soos in die verlede nie. Hoe nou gemaak?

Teen hierdie agtergrond sal mens moet erken: Wanneer die samelewing verander, kan die kerk nie onveranderd bly nie! Nuwe moontlikhede moet verken word en nuwe drome gedroom word. God se roepstem moet nuut gehoor word. Gelukkig hoef dit geensins die einde van die kerk te beteken, of selfs die einde van 'n plaaslike gemeente nie.

Juis met die oog op 'n tyd soos hierdie het God sy linkerbreinmense en sy regterbreinmense in elke gemeente geplaas. Aan die regterbreinmense het Hy die besondere kreatiwiteit gegee om daardie nuwe drome te droom. Aan die linkerbreinmense het Hy die vermoë gegee om sulke voorstelle nugter te oorweeg en die logiese stappe te volg om die nuwe realiteit in plek te kry. So kan daar in liefde saamgewerk word aan die uitbreiding van God se Koninkryk en kan die gemeente hulle missionêre roeping vervul!

En uiteindelik kom ons wel agter dat die grondbeginsels van kerkwees nog altyd dieselfde is as wat dit was in die eerste gemeente van Jerusalem: *Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede* (Handelinge 2: 42). Oral waar dit gebeur, floreer die kerk van die Here Jesus en kry verlore mense deel aan die vreugde van die Koninkryk.

Louis Louw

Volhoubare bediening: Die toekoms van familie-gemeentes

1. Inleiding: Klein, lewenskragtige gemeentes

Soos wat die wêreld met sy probleme meer kompleks word, het die kerklike lewe ook meer kompleks geword. Die kerk en sy leiers is alles behalwe hoog op die agenda van mense se besige lewens. KL Callahan skryf daarom dat klein, lewenskragtige gemeentes in die 21ste eeu dié gemeentes in eie reg gaan wees (2000:14). Daar sal nog steeds groot mega- en makro-gemeentes wees, maar die *klein, lewenskragtige gemeentes* gaan die meer algemene manier van kerkwees wees. Dit is deel van die grondverskuiwings (paradigmaskuif) wat ons in die kerklike lewe in hierdie eeu te wagte kan wees. Daar sal ook klein gemeentetjies wees wat *swak en sterwend* sal wees. Klein, lewenskragtige gemeentes is egter gemeentes wat nie op hulle grote nie, maar op hulle innerlike geestelike ingesteldheid/krag en op hulle sterkpunte/gawes konsentreer. Mense word vandag maklik verblind deur die mite dat groter altyd beter is. Daarmee maak hulle die fout om te dink dat klein is swak. Om 'n klein, lewenskragtige gemeente te wees is 'n ander manier van *dink* en *beplan*, van *leef* en *doen*. 'n Klein, lewenskragtige gemeente is nie 'n mini middelslag (pastorale) gemeente of mikro korporatiewe (makro) gemeente nie. Dit is 'n ander manier van kerkwees. Dit is om 'n familiekerk/gemeente te wees. Die uitdaging vir so 'n gemeente is om haar *roeping* as kerk te vervul in die *sendingveld* waar die Here haar geplaas het en wel met die *middele* tot haar beskikking. Nelus Niemandt wys daarop dat daar nou in die tyd na die Christenheid/dom paradigma reeds gepraat word van die ontluikende kerke wat gestuurde kerke wil wees (2007:146).

Klein, lewenskragtige gemeentes se krag lê in hulle gees (ingesteldheid) op dié toekoms waarheen God hulle roep. Hulle wil die hulpbronne wat hulle het nou tot Sy beskikking stel. Hierdie gemeentes leef met die vaste vertroue dat klein is sterk. Hulle glo dat hulle krag nie in hulleself lê nie, maar in die grote God wat hulle geroep het.

Antwoord die volgende vraag en gee die rede vir jou antwoord:

Indien julle gemeente minder as 400 belydende lidmate het, is julle 'n klein, sterwende gemeente of 'n klein, sterk gemeente?

__ Ons is 'n klein, sterwende gemeente

__ Ons is 'n klein, sterk gemeente

Redes vir jou antwoord: _____

Voltooi:

Die uitdaging vir elke gemeente is om sy _____ as kerk te vervul in die _____ waar die Here hulle geplaas het en wel met die _____ tot hulle beskikking.

Klein, lewenskragtige gemeentes se krag lê in hulle _____ op dié toekoms waarheen God hulle _____ met die _____ wat hulle nou tot hulle beskikking het ("spirit + strengths = strong").

2. Grootshheid en nabyheid

Terwyl ons verwonderd staan oor die grootshheid van die skepping, het God hom kom openbaar in die nabyheid van 'n krip. In die stal word die nabyheid van die grote God ervaar. Hoe groter en besiger die wêreld word, hoe meer begin mense smag na nabyheid en intimiteit. Mense soek na gemeenskap (saamwees met mense wat hulle ken – "community") en hulle het 'n behoefte om iewers te behoort ("belonging"). Gemeentes wat nabyheid en intimiteit kan skep, is dié gemeentes van die toekoms waar mense in die gemeenskap waarvan hulle deel is, iets van die versorgende liefde van God gaan ervaar.

Bespreek:

In watter mate het die mense in julle gemeenskap 'n behoefte aan gemeenskap met mekaar ("community") en om iewers te behoort ("belonging")?

___ Min behoefte

___ Redelike behoeftes

___ Groot behoefte

In watter mate ervaar mense in julle gemeente gemeenskap ("community") en dat hulle iewers behoort ("belonging")?

/-----/-----/

Min

Redelik

Baie

3. Familie-grootte gemeentes

'n Familie is 'n *informele* lewensverband waarin mense naby aan mekaar leef en waarin interpersoonlike verhoudings op 'n een-tot-een basis belangrik is. Hulle geborgenheid lê nie in strukture nie, maar in verhoudings. Dié uitstaande kenmerk van die familie-gemeente is die sterk onderlinge verhoudings en dit word gereël deur die natuurlike leiers. So 'n klein, lewenskragtige gemeente word gekenmerk deur een of twee lewenskragtige bedieninge wat veral op die gemeenskap gerig is.

Alice Mann (2000:4) tipeer 'n familie-grootte gemeente as 'n gemeente waar tot 50 mense die erediens bywoon. Miskien kan dit in ons omstandighede aangepas word na 75-100. Dit wil sê gemeentes van 150-300 lidmate. 'n Familie-gemeente is soos 'n organisme met een sel of meer selle. Hulle funksioneer as 'n uitgebreide familie. Mense word deel van die familie hoofsaaklik deur geboorte. Nuwe lede van die familie word stadig en versigtig in die familie deur aanneming opgeneem. Omdat die gemeente so klein is, kan hulle dikwels nie meer 'n voltydse leraar bekostig nie. Die leraar werk deelyds en is vir korter tye in die gemeente. Die funksie van die leraar is om soos 'n kapelaan spesifieke dienste te lewer. Hy is veral vir die prediking, pastorale versorging en toerusting verantwoordelik. Die patriarge en matriarge is die leiers van die gemeente. Hulle is die gesagsfigure in die gemeente en gee stabiliteit aan die gemeente. Die leraar is die vriend en raadgewer van die leiers en hy rus hulle met kennis en vaardighede toe om die veranderinge en uitdagings in die nuwe tye te hanteer.

Die probleem is dat hierdie "pa's" en "ma's" van die gemeente ouer word en dat hulle kinders dikwels uit die omgewing verhuis. Dit laat 'n leemte ten opsigte van leierskap in die gemeente. Daarom moet daar voortdurend nuwe leiers ontwikkel word wat die wese van die kerk as God se gestuurdes in die wêreld verstaan. Die gemeente is die voorpos om God se koninkryk in die gemeenskap te laat kom. Hoe hierdie gemeentes daar gaan uitsien, is nog nie duidelik nie. Dit is egter duidelik dat in die lig van die radikale veranderinge, die kerklike padkaarte van die verlede nie meer die weg sal kan aanwys nie. Daar sal opnuut in die geloof na nuwe weë gesoek moet word.

Voltooi:

Dié uitstaande kenmerk van die familie-gemeente is die _____
 _____ met mekaar onder leiding van die
 _____.

Wat is die funksies van 'n leraar in 'n klein, sterk familie-gemeente?

1. _____
2. _____
3. _____

4. 'n Oop en inklusiewe familie is kinders van dieselfde Vader

In 'n familie-grootte gemeente is die lidmate van die gemeente soos een groot uitgebreide familie waar mense voel dat hulle "behoort." In so 'n gemeente ervaar mense egte gemeenskap. Al die energie van die gemeente word nie opgeneem deur die werksaamhede van kommissies/komitees wat sake in die gemeente moet reël nie. In klein, lewenskragtige gemeentes ervaar mense 'n verdieping in verhoudings en godsdienstige beleving (spiritualiteit) binne die familieverband.

Dit is nie maklik om die oorgang van 'n tradisionele manier van funksionering na 'n nuwe manier van kerkwees te maak nie. Aangesien die ou bekende strukture van gemeente-wees verbrokkel, is daar iets van 'n woestyn-ervaring. Dit is 'n grenservaring van nie-meer-nie en van-nog-nie. Dinge werk nie meer soos in die verlede nie, maar dit is nog nie duidelik hoe die nuwe toekoms daar gaan uitsien nie. Alice Mann praat van "living in the gap" (2000:8). Aan die eenkant word die verlies ervaar van geïkonneerde vorme en vertroude maniere van doen, maar aan die ander kant bied dit nuwe geleenthede vir kreatiewe idees en ervarings. Wanneer hierdie uitdagings reg hanteer word, kan dit lei tot 'n nuwe verstaan van die *betekenis* van gemeentewees. Dit kan 'n nuwe uitkyk bied op die *gemeenskap* waarin die gemeentelede leef en dit kan lei tot 'n herontdekking van die werklike betekenis van *God se bedoeling* met die gemeente.

Aangesien God as die Vader, en nie die pa's en ma's van die familie nie, die eintlike Hoof van die familie is, weet almal in die gemeente dat Hy die Een is wat vir elkeen sorg. In Matteus 6:32 sê Jesus: "Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het." Daarom is 'n verdieping van elkeen se persoonlike geloofsverhouding met die Here, die vertrekpunt van 'n gelukkige en suksesvolle familielewe.

So 'n verdiepte spiritualiteit beteken dat elkeen in die gemeente:

- God die Vader persoonlik sal bely as die Heer en Koning van hulle lewe omdat Hy hulle in Christus uit genade gered het.

- Hulle verhouding met mekaar as broers en susters in Christus as ononderhandelbaar sal sien. Daarom werk hulle aan die versterking van hulle onderlinge verhoudings.
- Hulle sal laat lei deur die Heilige Gees in hulle diens aan God en hulle getuienis in die gemeenskap.
- Biddend die wil van God sal soek en dit onvoorwaardelike sal gehoorsaam en hulle nie sal laat lei deur hulle eie insigte en begeertes nie.

Geestelike diepte

Hoe word die behoefte aan verdiepte verhoudings en godsdiensstige beleving (spiritualiteit) binne die familieverband in die klein, lewenskragtige gemeentes aangespreek?

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____

5. 'n Oop en inklusiewe familie help mense om die betekenis van 'n familie te ontdek

5.1 'n Geloofsfamilie as 'n liefdesgemeenskap

Die ware familie-gemeente is 'n geloofsfamilie en liefdesgemeenskap. Die primêre band wat die gemeentelede aan mekaar verbind is hulle geloof in die Drie-enige God en nie die natuurlike bande van bloed en bodem nie (tradisie, ras, kultuur). Hulle ware identiteit is in Christus. Hulle is mense wat in Hom herskep (wedergebore) is om hulle lewe te wy aan die goeie daede waarvoor God hulle bestem het (Efesiërs 2:10). Hierdie **uitgangspunt** vir die bestaan van 'n gemeente moet voortdurend versterk en uitgebou word.

5.2 Gemeentelede is kinders van dieselfde Vader

As 'n geloofsfamilie ervaar die gemeente dat hulle 'n Vader in die hemel het wat vir hulle sorg en hulle liefhet. Hy is in voorspoed én in teëspoed getrou. Almal in die geloofsfamilie, die leiers en volgelinge, grootmense en kinders is kinders van dieselfde Vader. As kinders is hulle nie te trots om te ontvang en

om te leer nie. Hulle luister in kinderlike afhanklikheid na die Vader en stel hulle vertrou in Hom (vergelyk Matteus 18:2 tot 4). Daarom staan hulle in verwondering voor Hom en is hulle bereid om aan Hom gehoorsaam te wees. As mense wat "nie meer ver van God af is nie ... maar ... as lede van die huisgesin van God" (Efesiërs 2:19), wil hulle graag saam groei na volwassenheid in Christus.

5.3 Dissipline van vriendskap/gasvryheid

Familielede wat mekaar ondersteun, moet voortdurend daarteen waak om nie 'n geslote kliëk te word nie. Geslote families wat selfversorgend is, vervreem hulle (onbewustelik) van die gemeenskap waarin hulle is. Daarom verwelkom hulle nie maklik vreemdelinge wat anders as hulle is nie. Nuwelinge word as 'n bedreiging gesien en op 'n afstand gehou. Hulle voel nie regtig welkom in hulle midde nie en onttrek hulle mettertyd maklik weer van die gemeente. Die gevolg is dat daar 'n ongesonde inteling in die familie plaasvind wat vernietigend is vir die lewenskragtige funksionering van die familie. Kliëkvorming in 'n gemeente is 'n duidelike teken van swak verhoudings in die familie. Daarom lê die Bybel soveel klem op gasvryheid waardeur gelowiges aangemoedig word om vreemdelinge met liefde in hulle huise te ontvang (Romeine 12:13, Hebreërs 13:2).

In 'n gesonde familie-gemeente is mense eg en help hulle mekaar graag. Hulle gee ook om vir ander wat buite die geloofs familie is en reik in liefde na hulle uit. Hoewel hierdie optrede teen die natuurlike neiging van mense ingaan en selfverloëning vra, is gasvryheid 'n belangrike voorwaarde vir 'n gesonde en lewenskragtige klein gemeente. Die dissipline van vriendskap/gasvryheid daag elkeen in die familie voortdurend uit om uit sy/haar gemaksones te kom en uit te reik na die mense rondom hulle. Die gemeente kan alleen groei as hulle verhoudings het met nie-gelowiges. Dit is die mense met wie die blye Evangelie gedeel moet word.

5.4 In tye van verandering versorg en bou leiers die lidmate op

Die rol van die leiers in die familie-gemeente is nie om te heers of om as die strategiese bestuurders op te tree of om as direkteure die belangrike besluite te neem nie. As die "pa's" en "ma's" van die familie is die leiers dié mense wat die familielede versorg en opbou. As versorgers en bouers van die gemeente begelei hulle die familie as geheel en elke lid afsonderlik om sy en haar potensiaal maksimaal te ontwikkel en te gebruik. Hulle is *entoesiasies* oor die potensiaal wat God in elkeen se lewe geplaas het en werp alles in die stryd om dit te ontgin in diens van die koninkryk van God. Omdat hulle *lief is vir hulle mense*, is hulle *by hulle mense* en sorg hulle dat elkeen ervaar dat hy/sy *deel* van die familie is in tye van verandering.

Brain McLaren (2000:16) onderskei saam met Ken Blanchard vier vlakke van verandering in gemeentes. Die maklikste verandering is om die vlak van kennis te verhoog. Die tweede vlak van verandering, naamlik om *houdings* te verander, is 'n meer emosioneel. Die derde verandering om ingeburgerde *gedrag* te verander, is nog moeiliker. Die moeilikste verandering is om die bestaande *organisasie en strukture* te verander. Hierdie vierde verandering neem baie tyd, energie, sweet en tranes. Die vyfde verandering is wanneer *al vyf dinge gelyktydig* moet verander! En dit is dié uitdaging waarvoor die leiers in baie gemeentes vandag staan.

Die meeste mense voel die meeste van die tyd ongemaklik met verandering. Daar is altyd die vrees van te veel verandering te gou of te min verandering te laat. Dit is egter gevaarlik om in 'n tyd van verandering primêr op die geluk en bevrediging van mense te fokus. So 'n ingesteldheid van geestelike leiers is 'n resep vir agteruitgang en kan lei tot die uiteindelijke verdwyning van die gemeente. Hoewel ware leiers weet dat verandering konflik bring, weet hulle ook dat as verandering reg hanteer word, dit 'n geleentheid vir groei in die gemeente is.

Dit is noodsaaklik dat kleiner gemeentes in 'n tyd van verandering hulp van buite kry, aangesien hulle nie altyd die nodige kennis, vaardighede en toegeruste leiers het om die verandering self te bestuur nie. Die leiers in die gemeente is dikwels self vasgevang in die proses van verandering. Die hulp van die sinodale verband kan hier van groot waarde wees.

5.5 Samekomste van die familie

Die samekomste van klein, sterk gemeentes is soos familie-reünies. Hoewel almal in die familie mekaar dalk nie persoonlik ken nie, ken elkeen genoeg mense om deel te voel van die familie. Tydens hierdie byeenkomste word die onderlinge verhoudings versterk en uitgebou. Hierdie byeenkomste vind plaas volgens die familiewaardes waarop ooreengekom is. Die familie-waardes van aanvaarding (Romeine 5:17), respek (Romeine 12:10), ondersteuning (1 Tessalonisense 5:11), diensbaarheid aan mekaar (Galasiërs 6:22), vertroue, eerlikheid, openhartigheid, vermaning, ensovoorts word in die eerste plek in die eredienste en met die gebruik van die sakramente inge oefen en uitgeleef. Hierdie intieme en persoonlike karakter van die erediens as samekoms van die familie, word uitgebrei na die kleingroepbyeenkomste en na alle geleenthede waar die gemeente saamwerk en saam kuier. Alle mense, vriende en vreemdelinge, moet ervaar dat hulle in die erediens welkom is en raakgesien word.

Voltooi:

Wat is die **uitgangspunt** wat voortdurend versterk en uitgebou moet word in 'n klein, sterk gemeente?

Wat is die gevolge vir 'n gemeente as almal in die gemeente in 'n kinderlike afhanklikheid as kinders van God lewe?

1. _____
2. _____
3. _____

Kliekvorming in 'n gemeente is 'n sekere teken van swak verhoudings met mekaar en met hulle Vader as die Hoof van die familie. Watter dissipline moet 'n gemeente beoefen as teenvoeter vir kliekvorming?

Hoe verstaan die leiers in 'n klein, sterk familie-gemeente hulle funksie?

Watter drie familiewaardes behoort na jou mening die grondslag te wees vir die samekomste van 'n familie-gemeente?

1. _____

2. _____

3. _____

5.6 Wanneer familieledede verskil

Die ideale familie-gemeente het een of meer groepe wat oop en inklusief is en in gesonde interaksie met mekaar is. Lidmate in klein, sterk gemeentes het ook hulle verskille en probleme. Dit is egter belangrik om te onthou dat om konflik te hê, nie dieselfde is as om te baklei nie. Konflik ontstaan wanneer mense sterk voel oor 'n saak en daar 'n verskil van mening is. Klein, sterk gemeentes hanteer die konflik op 'n gesonde en konstruktiewe wyse. Wanneer daar verskil van mening is, moet dit oor die wesentlike sake van die gemeente gaan soos oor hulle aanbidding, hulle omgee vir mekaar en hulle getuienis. Daar moet gewaak word om vas te val in nietighede en persoonlike intriges.

Wanneer mense bang is om konflik te hanteer, steek allerhande uitwasse kop uit. Mense misbruik hulle magposisies om ander te manipuleer. Daar is swak besluitneming en slegte kompromieë waarby niemand baat nie. Klein, sterk gemeentes het die moed om konflik tot voordeel van almal in die familie te hanteer. Hulle is bereid om mekaar onvoorwaardelik as broers en susters te aanvaar. Daarom kan hulle mekaar vergewe as hulle foute maak en saam werk aan 'n gesamentlike doel.

Voltooi:

Klein, sterk gemeentes hanteer konflik op 'n gesonde en konstruktiewe wyse.

Wat is die slegte gevolge vir 'n gemeente as konflik nie op 'n openlike en volwasse wyse hanteer word nie?

1. _____

2. _____

3. _____

Hoe het julle gemeente in die verlede konflik hanteer?

5.7 Kommunikasie in die familie

Klein, sterk gemeentes is lewende organismes waar mense en verhoudings belangrik is. Hulle byeenkomste is dié plek waar familieledes met mekaar gesels oor hulle waardes en drome en oor hulle doelwitte en strategieë. Hulle maak gereeld tyd vir familievergaderings waarby almal in die familie betrokke is. Hulle aanvaar dat mense verskillend dink, doen en optree. Die onderlinge verstandhouding is dat elkeen altyd so moet optree dat dit in die *groter belang* van die familie sal wees.

Die reëls vir goeie kommunikasie in die familie is:

- Aanvaar mekaar se goeie trou dat elkeen in die beste belang van die gemeente wil optree.
- Respekteer mekaar as mense wat elkeen verskillende gawes het.
- Maak tyd om onbevooroordeeld na mekaar se stories te luister.
- Probeer om die emosies agter die stories te hoor en reageer daarop.
- Probeer altyd om 'n wen-verloor situasie in 'n wen-wen-situasie te omskep.

Die familiereëls vir informele familievergaderings is:

- Die familie besluit oor wie die beste toegerus is om die vergadering te lei en kom ooreen om sy/haar leiding te respekteer.
- Die vergadering word gehou volgens die familiereëls waarop die familie gesamentlik ooreengekom het en waaraan hulle hulself verbind het om by te bly.
- Die familie besluit saam oor die gepaste optrede wanneer die familiereëls deur iemand verontagsaam word.

Die volgende sake is op die agenda van familievergaderings:

- Inligting word deurgegee en lief-en-leed gedeel.
- Praktiese sake word hanteer, probleme bespreek en geskille besleg.
- Die familie stel saam doelwitte op en werk die nodige strategieë uit om dit te bereik.
- Elkeen doen verslag van die vordering van die sake waarby hy/sy betrokke is en daar word saam na oplossings gesoek vir die probleme wat ervaar word.

Bespreek:

Wat is die grootste leemte(s) in die kommunikasie van julle gemeente?

Watter stappe kan julle neem om die kommunikasie in julle gemeente te verbeter ten opsigte van:

1. Reëls vir goeie kommunikasie?

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

2. Familiereëls vir informele familievergaderings?

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

3. Die agenda van familievergaderings?

3.1 _____

3.2 _____

3.3 _____

5.8 Simbole en rituele van die familie

Elke familie is uniek en het sy eie rituele en maniere van doen. Hierdie rituele bevestig die *identiteit* van die familie en gee *sekuriteit* vir die familielede. Die uitdaging vir 'n familie-gemeente is om in 'n tyd van verandering simbole en rituele te vestig wat die unieke aard van die geloofsfamilie illustreer. Deur hierdie rituele en simbole word die radikaliteit van die Christelike liefde op 'n

unieke wyse uitgedra. Wanneer daar besoekers en vreemdelinge by die familie opdaag, moet hulle deeglik ingelig word oor die betekenis van die simbole en rituele, anders voel hulle ontuis in die gemeente se byeenkomste.

5.9 Beperkte hulpbronne

Die ouer geslag lidmate wat die gemeente finansiëel gedra het, is besig om uit te sterf. Die wat oorbly se finansies word verder gedreineer deur die hoë lewenskoste. Die jonger geslag is nie so goed opgevoed om gereeld hulle dankoffers of tiendes te gee nie. Ander lidmate het reeds om een of ander rede hulle rug op die kerk gedraai. Dikwels vertrou hulle nie meer die kerk as instituut om op die regte wyse hulle dankoffers aan te wend nie. Die gevolg is dat die kleiner gemeentes meestal finansiëel swaar trek. Baie energie word gebruik om die nodige fondse te vind om die salarisse en rekeningte te betaal. Hierdie gemeentes word gedwing om ander metodes van fondsinsameling te ontgin. Dit is nie so maklik om metodes te vind wat 'n standhoudende bron van inkomste verseker nie. Daarom is finansiële beplanning en bestuur 'n belangrike deel van die werksaamhede van klein, sterk gemeentes.

5.10 Spanwerk in die familie

In families wat goed funksioneer neem elkeen in die familie verantwoordelikheid vir die goeie funksionering van die familie. Elke familielid gebruik sy/haar gawes om waarde toe te voeg tot die familie. Die leiers is daarop ingestel om elkeen te bemagtig om hulle gawes te gebruik tot voordeel van almal in die familie. Met dieselfde entoesiasme waarmee die familie die Here in die erediens dien, kuier hulle ook as familie saam. Hierdie sterk onderlinge verhoudings gee 'n besondere lewenskragtigheid aan die gemeente.

5.11 'n Kreatiewe familie met entoesiastiese leiers

'n Dinamiese familie is nie bang om met nuwe maniere van doen te eksperimenteer as die omstandighede verander nie. Wanneer 'n familie-gemeente vind dat die tradisionele kerkraad met sy wyke en kommissies nie meer werk nie, word die klem verskuif na effektiewe kleingroepbedieninge en ander sisteme van onderlinge versorging in die gemeente. Die onderlinge ondersteuning vind dan hoofsaaklik binne 'n netwerk van verhoudings plaas en nie meer deur die formele (amptelike) gemeentelike strukture nie.

Bespreek:

Watter gebruike en rituele is uniek aan julle gemeente waaruit ander kan aflei wie julle regtig is?

1. _____
2. _____
3. _____

Watter storie vertel die finansies van julle gemeente?

Hoe is die gemeente as span daarop ingestel om elkeen se gawes die beste te gebruik en te bemagtig om self verantwoordelikheid vir sy/haar bediening te aanvaar?

1. _____
2. _____
3. _____

In watter mate is julle gemeente 'n kreatiewe familie wat binne 'n netwerk van verhoudings mekaar ondersteun?

/-----/-----/

Min

Redelik

Baie

Indien die antwoord min of redelik is, watter stappe behoort in die verband geneem te word?

1. _____

2. _____

3. _____

Soek die leiers in julle gemeente na kreatiewe oplossings vir julle probleme?

Motiveer jou antwoord.

6. Oop en inklusiewe families lewer op verskillende maniere 'n diens aan die gemeenskap

6.1 'n Nuwe ervaring van lidmaatskap en kerkwees

Mense dink vandag toenemend anders oor lidmaatskap van die gemeente. Klein, lewenskragtige gemeentes dink nie in terme van formele lidmaatskap nie. Hulle dink in *informele, familie terme* en leef in terme van hulle *gestuurdheid in die wêreld* (missionêre terme). Afgesien van die gewone groep aktiewe en onaktiewe ingeskrewe lidmate van die gemeente, is daar ook aktiewe "lidmate" wat betrokke is by die gemeente en sy bediening. Hulle is nie ingeskrewe lidmate van die gemeente nie. Dit is dié mense in die gemeenskap wat van die dienste van die gemeente gebruik maak of by 'n aksie van die gemeente inskakel. Hulle beskou hulleself daarom ook as deel van die gemeente. Hulle is byvoorbeeld mense wie se kind by die kleuterskool van die gemeente is of wat op 'n gereelde basis kospakkies van die gemeente ontvang. Dan is daar nog dié mense wat in die verlede deel van die gemeente was en wat hulleself nog steeds deel van die familie-gemeente voel. Die gemeente moet doelbewus met hulle kontak behou deur middel van nuusbriewe, e-posse, uitnodigings na spesiale geleenthede, ensovoorts.

Die klein, sterk gemeentes kan op 'n spesiale manier *informeel* na die gemeenskap uitreik. Hierdeur weerspieël hulle iets van die gees en karakter van die eerste Christelike gemeentes. Hierdie gemeentes was

geloofsgemeenskappe, nie denominasies nie; hulle was geloofsbewegings, nie instellings nie; hulle was lewende organismes, nie vaste organisasies nie. Daarom is Callahan oortuig dat in 'n tyd waarin die tradisionele kerklike kultuur aan die verbygaan is, daar 'n toekoms vir kleiner familie-gemeentes is (2000:104). Hulle lewenswyse word gekenmerk deur spontaniteit, passie en omgee vir mekaar. Die gees van die familie help hulle om elke dag 'n ryk en vol lewe te lewe. In die familie-kultuur gebeur dinge dikwels spontaan sonder komitees en kommissies. Mense het in elk geval nie meer tyd en krag om uit hulle besige lewe gehaal te word en by georganiseerde aksies in te skakel nie. Maar hulle soek na gemeentes waar daar gefokus word op die *sentrale Bybelse geloofswaarhede* wat hulle help om vanuit hulle *identiteit* in Christus *sinvol en hoopvol* te lewe. Hulle vind *sekuriteit* in hulle saamwees met mekaar ('sharing") en die sin van hulle bestaan in hulle *diens en getuienis* in die gemeenskap.

<p>Voltooi: In 'n kerk-kultuur was die kerk gesien as 'n organisasie of instelling wat dinge op 'n bepaalde manier gedoen het. Die familie-kultuur is 'n manier van _____.</p>
<p>Hoe oordeel jy oor die nuwe verstaan van lidmaatskap in 'n familie-gemeente?</p> <hr/> <hr/> <hr/>

6.2 Gemeente en gemeenskappe

Klein, sterk gemeentes glo dat hulle uitgeroep (*ekklesia*) is uit die wêreld om op 'n unieke wyse hulle getuienis in die gemeenskappe waarvan hulle deel is te lewer. Hulle omarm die omgewing waarin hulle leef deur daar voluit as gelowiges te lewe. Dit gaan vir hulle nie in die eerste plek oor die instandhouding en oorlewing van die gemeente nie.

Die lidmate van die gemeente kan hulle getuienis in die volgende vyf gemeenskappe lewer:

- Daar is 'n genealogiese omgewing. Dit is die mense wat vir twee of drie geslagte reeds deel van die gemeente en die gemeenskap is. Daar word met hulle saamgewerk omdat hulle 'n groot invloed in die gemeenskap het.
- Daar is familie en vriende wat in 'n besondere persoonlike verhouding met mekaar staan en mekaar beïnvloed.
- Daar is kollegas, verskaffers, kontrakteurs, besigheidsmense en mense wat dienste lewer met wie daar gereeld by die werk kontak gemaak word en mee besigheid gedoen word. Hierdie kontakte bied ideale geleenthede vir diens en getuienis in die gemeenskap.
- Die lidmate van die gemeente is ook deel van die sosiale en politieke (ideologiese) gemeenskap. Binne hierdie kringe geld bepaalde gebruike en reëls wat eerbiedig moet word, maar wat ook getoets moet word aan wat die Here van gelowiges verwag.
- Gemeentes is deel van 'n bepaalde geografiese omgewing waar die gebeure in die omgewing 'n invloed op die bestaan van almal het. Hierdie omgewings- en demografiese faktore kan nie geïgnoreer word nie.

Hierdie vyf gemeenskappe oorvleuel en is in wisselwerking met mekaar. Slegte ervarings in een gemeenskap, word oorgedra na die ander gemeenskappe. Meer nog, die familie-gemeente is dikwels die sametrekkingspunt van al vyf die gemeenskappe! Dit wat in gesinne en families gebeur, politieke verskille, sosiale konflik en ekonomiese probleme het 'n groot invloed op die lewe in die hele familie-gemeente. Klein, sterk gemeentes help die lidmate om as gelowiges in die onderskeie gemeenskappe te lewe en moedig hulle aan om 'n konstruktiewe bydrae te lewer in die gemeenskappe waarvan hulle deel is.

Aan die anderkant sal gemeentes wat op net een sosiologiese, genealogiese of geografiese gemeenskap fokus, ontdek dat hulle invloed gaandeweg sal kwyn. Hulle sal verswak tot klein, sterwende gemeentetjies. Daarom is dit belangrik dat nuwe persone wat in die gemeenskap inkom hartlik deur die gemeente verwelkom sal word en deel van die gemeente gemaak moet word. Dit is hierdie mense wat met hulle gawes die familie kan vernuwe en verryk.

Gemeentes wat goed verteenwoordig is in drie of meer van die gemeenskappe, groei en word sterker. Mense is selfs bereid om ver te ry om deel van hierdie gemeentes te wees. Hulle voel aan dat dit dié plek is waar die verhoudings sterk genoeg is om met vrymoedigheid hulle harte vir mekaar oop te maak. Dit is die plek waar daar regtig vir mekaar omgegee word.

Bespreek:

Die familie-gemeente is die sametrekingspunt van die vyf gemeenskappe waarin mense leef. Hierdie gemeenskappe oorvleuel en is in wisselwerking met mekaar. Wat is die kenmerke van die gemeenskappe waaraan die lidmate van julle gemeente deel het?

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____

Hoe kan julle gemeente gehelp word om sy fokus van die belange van die gemeente na die van die gemeenskap te verskuif?

7. 'n Keuse

In 'n tyd waarin mense se lewensverwagting langer word, word die lewensiklus van gemeentes in tye van verandering vinnig korter. In die lewensiklus van 'n gemeente is daar 'n vestigingsfase, 'n fase van stabiele groei, 'n fase van agteruitgang en 'n kritieke of terminale fase. In die kritieke fase het elke gemeente 'n keuse. Daar kan gekies word om te bly soos wat die gemeente is en voortgegaan word om op 'n *minimale vlak* vir 'n tyd lank te *oorleef* of daar kan besluit word om *op te hou bestaan* en die bates aan 'n ander kerk of organisasie oor te dra of daar kan besluit word om die gemeente in 'n *nuwe gedaante* te laat *herleef* ("*reinvent*" – *Brain McLaren*). Om uit vrees vir verandering geen keuse te maak nie, is eintlik die eerste van die drie keuses, naamlik om as 'n gemeente te bly wat hulle is.

Ongelukkig is min gemeentes wat gekies het om in 'n nuwe vorm te herleef suksesvol. 'n Besluit om te herleef as 'n reaksie op die druk van eksterne omstandighede, is dikwels onsuksesvol. Hierdie keuse kom gewoonlik nie uit die harte van die gemeentedele nie. Daarom is hulle nie bereid om die opofferings te maak wat die veranderinge vra nie. Hulle sien nie kans om selfs radikaal met die dinge waarmee hulle vertrou is te breek nie. Omdat hulle op twee stoele probeer sit, val hulle dikwels in die middel deur.

Dit is belangrik dat 'n gemeente realisties kyk na hulle omstandighede en biddend vra dat God hulle sal lei na die toekoms wat Hy vir hulle in gedagte het. So word 'n keuse met hulle verstand, wat ook die oortuiging van hulle harte is, gemaak. Dit is altyd beter vir 'n gemeente om proaktief te kies om te verander, as om later gedwing te word om besluite te neem waarvoor hulle nie self gekies het nie.

Bespreek:

Watter keuse het julle gemeente (dalk onbewustelik) gemaak oor julle toekoms?

Watter keuses is daar na jou mening oor die toekoms van julle gemeente en vir watter een sal jy jou graag wil beywer?

8. Gebed

Indien 'n gemeente sou kies vir 'n ander vorm van gemeente-wees, sal dit beteken dat die gemeente bereid moet wees om die bekende strukture en die voorveronderstellings wat die gemeente se optrede tot op daardie punt gerig het, prys te gee. Dan sal daar met geloofswaagmoed die toekoms ingegaan moet word. Gebed is 'n ononderhandelbare deel van die bestaan van klein, sterk gemeentes omdat hulle weet dat hulle krag nie in hulle grootte of hulpbronne lê nie, maar in dié God wat hulle geroep het. Hulle is oortuig dat

'n biddelose gemeente, 'n kragtlose gemeente is. In gebed fokus hulle op God van wie al hulle verwagtinge is. Hulle leef uit Christus se belofte: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (Matteus 5:3).

Bespreek:

Wat is die verskil tussen 'n gemeente met gebedsbyeenkomste (bidure) en 'n biddende gemeente?

Wat is jou gebed vir julle gemeente?

9. Die pad vorentoe

Watter **drie aspekte** is daar waaraan jy dink dringend aandag gegee moet word met die oog op die toekoms van julle gemeente?

1. _____
2. _____
3. _____

Watter ondersteuning dink jy sal die gemeente in die verband nodig hê?

1. _____
2. _____
3. _____

10. Geraadpleegde werke

- Barna G 1999 *The Habits of Highly Effective Churches*. Regal
- Burger CW 1995 *Gemeentes in transitio*. Lux Verbi
- Burger CW 1997 *Familie van God!* Lux Verbi
- Burger CW 1999 *Gemeentes in die Kragveld van die Gees!* Lux Verbi
- Callahan KL 2000 *Small, Strong Congregations. Creating Strengths and Health for Your Congregation*. Jossey-Bass
- Easum WM&Bandy TG 1997 *Growing Spiritual Redwoods*. Abingdon Press
- Dreyer DJ 2003 *Leef jou gemeente regtig?* Lux Verbi
- Gibbs E & Coffey I 2001 *Church Next. Quantum changes in Christian ministry*. Inter-Varsity Press
- Hobgood WC 1998 *The Once and Future Pastor. The changing role of religious leaders*. Alban Institute
- Mann A 2000 *The In-Between Church: Navigating Size Transitions in Congregations*. Alban Institute
- McLaren BD 2000 *The Church on the Other Side. Doing ministry in the Postmodern Matrix*. Zondervan
- Niemandt N 2007 *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Lux Verbi.BM
- Rendle GR 2000 *Leading Change in the Congregation. Spiritual and Organizational Tools for Leaders*. Alban Institute